NG KERK IN OOS-KAAPLAND

NOTULE VAN 'N BUITENGEWONE VERGADERING VAN DIE SINODALE KOMMISSIE OP 15 FEBRUARIE 2007 OM 10:00 TE BYBELHUIS, PE

1. OPENING

1.1 Die vergadering word deur die voorsitter geopen. Die vergadering sing die Sinodelied, daarna lees die voorsitter Ps 27 uit Die Boodskap.

1.1.1 Brueggemann meen dat die alle Psalms in een van drie kategorieë ingedeel word – oriëntasie, disoriëntasie en heroriëntasie. Hierdie Psalm val in die kategorie van her-oriëntasie, soos hy ook met Ps 23 maak. Tog as mens mooi sou kyk na Ps 27, lyk dit eerder of hierdie Psalm op die breuklyn lê tussen dis- en heroriëntasie.

Baie mense hunker nog na die "goeie ou dae" toe alles goed gegaan het en ook in ons sinode se geskiedenis het dit ook goed gegaan sedert afstigting in 1973. Daarna het dit minder goed begin gaan – droogtes, finansiële druk en ontvolking van die platteland – so breek die periode van disoriëntasie aan.

Die krisis was die sneller om die sinode op 'n nuwe baan te plaas. Te midde van hierdie gebeure worstel die kerk met nuwe uitdagings – op breë algemeen sinodale vlak maar ook in ons eie sinode.

In Ps 27 vind ons lig vir die toekoms – teen die wand van die put is daar "handvatsels" om weer uit te kom:

* ***Los die verlede*** – moet dit nie so idealiseer nie en hoe moeilik dit ookal is om dit te aanvaar, dit sal nooit weer so wees nie. Maak vrede met dit wat verby is, dit kan nooit weer wees nie.

* ***Fokus op die Here*** – Dawid sê dat daar een saak wat bo alles uitstaan. Om te heroriënteer is daar een passie wat ons moet najaag – v 4: Om die Here te beleef, om in sy teenwoordigheid te leef. Die fokus moet wees op die Gewer en nie die gawes wat die Here vir ons gee nie. Soek regtig die aangesig van die Here!

* ***Die digter glo werklik dat God hom sal help*** – hy glo vas dat God hom sal abba deur die dorings in die veld. By herhaling onder-streep hy dit in poëtiese taal dat die Here te midde van alles sal sorg. Ons moet dit ook glo dat die Here die kerk sal bewaar – want Hy is God. Ons moet ons verlaat op God wat vir ons die toekoms in elke faset wil mooi maak.

1.1.2 Lede van die vergadering kry geleentheid om in gebed voor te gaan.

1.2 Geloofsverbintenis: Oos-Kaapland

1.2.1 Die vergadering verbind haarself opnuut tot die sinodale geloofs-verbintenis olv die voorsitter:

GELOOFSVERBINTENIS

Ons glo aan een kerk as spieëlbeeld van ons een God : Vader, Seun en Heilige Gees;
Daarom verbind ons ons aan eenheid onder mekaar, in ons kerkfamilie, en met ander Christene oor die wêreld.

Ons glo aan 'n heilige kerk, wat deur wet en belydenis 'n ligdraer in die wêreld is;
Daarom verbind ons ons om as Geesvervulde mense prakties aan die evangelie gestalte te gee.

Ons glo aan 'n algemene kerk, wat weens Christus se koningskap oor tyd en ruimte heen bestaan;
Daarom verbind ons ons om die boodskap van Christus oor die wêreld heen te dra.

Ons glo aan 'n Christelike kerk, wat as barmhartigheidsgemeenskap in Christus gesalf is;
Daarom verbind ons ons om met dade lief te hê en blymoedige offers te bring.

Ons glo aan die gemeenskap van die heiliges wat hulle gawes met vreugde tot nut van mekaar gee;
Daarom verbind ons ons om na mekaar om te sien en die ander se belang eerste te soek.

2. KONSTITUERING

2.1 Dagbestuur van die SK

Ds EGJ de G Schutte - voorsitter
Dr ACV van Wyk - onder-voorsitter ***(verskoning*)**
Dr S du Toit - aktuarius
Ds DW Mouton - skriba ***(verskoning)***
Ds AC vd Westhuizen - notulerende skriba
Ds M van Niekerk
Ds PL Louw
Ds CH van Heerden - DL Finansies

2.2 Lede deur die Ringe benoem

RINGE	PRIMARII	SEKUNDI
Albanie	Ds WG Olivier Oudl A Büchner	
Algoa	Verskoning	
Burgers-dorp	Ds AC vd Westhuizen Oudl CJ Nel	
Cradock	Ds HM Strydom Oudl A Smit	
Dordrecht	Verskoning	
Graaff-Reinet	Ds JWE Esterhuysen Oudl JM Nel	
Humans-dorp	Oudl JZ du Plessis	
Oos-Londen	Ds JSJ Swart Oudl A Olivier (Verskoning)	
Port Elizabeth	Ds M v Niekerk Oudl (ds) PL Louw	
PE-Wes	Afwesig	
Queens-town		Ds JPL v Straaten
Sondags-rivier	Ds AHG Lötter	
Uiten-hage	Ds TJ v Schoor (Verskoning) Oudl (ds) HJ van Niekerk	

2.3 Adviserend

Dr JWJ Viljoen - Direkteur Administrasie

2.4 Op Uitnodiging

Ds BIC Steyn - BNet

3. REISKOSTEVORMS

Die DA hanteer die reiskoste-eise.

4. SITTINGSURE

10:00 - 10:30 Tee

10:30 - 13:00 Vergadering

13:00 - 13:30 Ete

13:30 - Vergader tot met afsluiting

Besluit: Die vergadering keur die sittings-ure goed.

5. SAKE VIR BEHANDELING

5.1 AANSTELLING: DIREKTEUR BEGE-LEIDING

5.1.1 Die voorsitter / DA skets die verloop van die prosedure gevolg aan die hand van die notules van die Werwingskomitee ***(Bylaes A.1 - A.3)***

5.1.1.1 Besluit: Die vergadering neem kennis van die inhoud van Bylaes A.1 en A.2.

5.1.2 Die vergadering neem kennis van ***Bylaag D*** (Werksdokument: Vulling van die Pos: Direkteur Begeleiding, 2007).

5.1.2.1 Besluit: Die vergadering neem kennis van die inhoud van Bylaag D.

5.1.3 Die vergadering neem die aansoeke ***(Bylaag B)*** in behandeling.

5.1.3.1 Besluit: Die vergadering neem kennis van die inhoud van Bylaag B.

5.1.4 Die vergadering neem die aanbevelings van die Werwingskomitee in behandeling ***(Bylaag A.3 pt 3.3).***

5.1.4.1 Besluite:

Voorstel 1:

1.1 Die vergadering spreek vertroue uit in die werk van die Werwingskomitee;

1.2 en besluit om die aanbeveling van die Werwingskomitee om Ds DW Mouton in die pos aan te stel, goed te keur.

(HM Strydom/JWE Esterhuysen)

Besluit: Eenparig goedgekeur.

5.1.4.1.1 Met aanvaarding van Voorstel 1 word aanbeveling Bylaag A.3 pt 3.3.1 afgehandel.

5.1.5 Die vergadering voer onderhoud(e) met kandida(a)t(e) indien nodig.

5.1.5.1 Besluit: Die vergadering neem kennis van Bylaag A.3 pt 3.3.2 en besluit om nie 'n onderhoud met die kandidaat te voer nie.

5.1.6 Die vergadering doen ‘n aanstelling

5.1.6.1 Afgehandel met die aanvaarding van Voorstel 1 as besluit van die vergadering.

5.1.7 Die vergadering neem onafgehandelde sake in behandeling bv diensvoorwaardes / aanstelling of beroep?

5.1.7.1 Die SK neem kennis van aanbevelings Bylaag A.3 pt 3.3.3 en 3.3.4 en gee aan die SKDV opdrag om hierdie twee aanbevelings uit te voer.

5.1.4.1.2 Die SK keur aanbevelings Bylaag A.3 pt 3.3.5 en 3.3.6 goed in die lig van die vergadering se besluit by Voorstel 1.

5.2 LAAT PROJEKAANSOEKE

5.2.1 Die vergadering neem die laat projek-aansoeke (Bylaag C) in behandeling.

5.2.1.1 Besluit: Die vergadering keur die aanbevelings by Bylaag C pte 3.1-3.3 goed.

6. VOLGENDE VERGADERING

19 April 2007

7. AFSLUITING

7.1 Die vergadering nooi vir Ds DW Mouton, die nuut aangestelde DB, om aan te sluit vir middagete. Die voorsitter wens vir Ds Mouton geluk met sy aanstelling, waarna Ds Mouton 'n woord aan die vergadering rig.

Die vergadering bid hom die seën van die Here toe, deur saam te sing: Lied 268:1. Oudl A Büchner doen 'n gebed en die vergadering verdaag.

Goedgekeur en onderteken te Port Elizabeth op die SK-Dagbestuurs-vergadering van _____:

Voorsitter: Ds EGJ de G Schutte

Skriba: Ds DW Mouton

Ander lede van die Kommissie: